# 3 Julie 2023 - Lesing 64 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Beskerming in die geloofstryd deur ligwesens en siele uit die hiernamaals – 11/3/58

**NO: 7063** Dit sal ‘n uitermate hewige worsteling wees, waartoe My teenstander aanleiding sal gee aan julle wat My trou is en wil bly. Hy sal op elke manier probeer om julle van die geloof af te bring, van ’n geestelik strewe en dus van My Self.

En Ek sê dit vooruit vir julle, sodat julle daarop voorbereid kan wees en nie sal twyfel aan My en My Mag nie. Want sy tyd is aan hom gegee, maar dit is beperk, dan sal ook sy doen en late deur My beëindig word.

Maar op julle sal hy homself nog op elke manier uitwoed, want hy weet dat julle baie van sy aanhang afvallig sal kan maak. Maar dit gaan juis oor hierdie aanhang. **Baie siele in die ryk hierna sal julle onder jul hoede neem en hulle help in die vele teenspoed wat hulle vir julle sal berei**.

En Een is daar Wie altyd tot hulp bereid is. En wanneer Ek julle My beskerming en My hulp beloof, dan sal julle waarlik sonder vrees ook hierdie tyd tegemoet kan gaan, want dit sal nie lank duur nie, - maar Wie van julle julle wil en julle standvastigheid in die geloof vra.

Steeds weer sal julle julleself met My moet verbind in innige **gebed**, steeds vlytiger sal julle moet **werk aan julleself** en ook in **My wingerd**. Julle sal dikwels krag uit My Woord moet put en ‘n oop oog hê vir alles wat om julle gebeur, want ook sal die nood om julle heen toeneem en dan kan julle liefde haarself bewys. En ook sal julle krag toeneem met elke werk van liefde wat julle verrig.

Al mag daar ook aan die een kant skynbare vooruitgang vermeld word, al mag daar voorlopig aards geen agteruitgang te siene wees nie, - **geestelik gaan alles egter ’n verval tegemoet** en die doen en late van die mense sal dit ook duidelik laat sien dat hulle in die mag van My teenstander is.

En juis dan sal julle ‘n buitengewone innerlike krag nodig hê wat julle maar net uit ’n innige verbintenis met My sal kan kry. Want hoe meer die wêreld op die voorgrond gaan tree, des te meer onwerklik sal al die geestelike skyn, elke geloofsleer en ook geestelike kennis.

**Want My teenstander sal daarvoor sorg dat alles in twyfel getrek word** en hy sal baie ywerige knegte hê wat openlik teen Myne sal optree en alle geloof van hulle sou wil vernietig. En sou hierdie tyd baie lank geduur het, dan sou ook Myne te swak gewees het om weerstand te bied, **maar terwille van die uitverkorenes sal Ek die dae verkort** en julle sal kan aanneem dat julle hierdie tyd sal deurstaan, dat Ek julle buitengewone versterking sal besorg, omdat Ek weet dat die worsteling ongewoon moeilik sal word vir julle.

Maar Ek verlaat Myne nie en verlig hul gees, sodat hulle nie deur My teenstander op ‘n dwaalspoor beland nie. En Ek doen alles al vooraf om Myne ‘n sterk geloof te besorg, wat dan ook krag is, waarmee hulle alles kan baasraak.

En ook vir My ligdraers sal die een teenwerking na die ander ontwikkel deur sy invloed, maar wie hom in vrye wil aan My oorgegee het, **hom staan ook tallose ligwesens tersyde en sal weerstand bied teen die vyandige mag** deurdat hulle die teenstander deur die volheid van hul lig sal verswak, waarteen hy nie opgewasse is nie.

***Jesaja_11:12*** *en Hy sal 'n Banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van JisraEl wat verdryf is, en versamel die dogters van JeHûWdah wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die Aarde. [JeshaJaH 18:3; ZekarJaH 9:16; Openbaring 14:1 - 3]*

*Jesaja_18:1 WEE die Aarde wat beskermde Vleuels [gehad het], wat oorkant die riviere van Kuwsh (Etiopië) lê;*

*18:2 waarheen boodskappers in ligte skuite van oor die waters aankom: waarheen kom van oor die groot water, haastige gesante, na die hoogs gelowige nasie* ***met die blink[ligte] vel****, die* ***oral gehate volk****, die nasie gewoond om verdruk te word, wie se Aarde deur moeras-riviere afgesny word.*

*3 Al julle bewoners van die wêreld, bewoners van die Aarde,* ***wanneer 'n banier opgehef word*** *op die berge, kyk! En* ***wanneer die ramshoring geblaas word****, luister! [JeshaJaH 11:12; ZekarJaH 9:16]*

***Jeremia_4:6 Verhef die Banier na Sion toe****! Vlug, bly nie staan nie! Want Ek bring besoedeling uit die Noorde en ‘n groot verwoesting.*

***Sagaria 9:16*** *En JaHWeH hulle Elohey sal hulle in dié dag verlos as die kudde wat Sy volk is;* ***want [hulle] verhef die Bousteen van Separatisme*** *soos ‘n banier oor Sy Adamah [die adamiet se Aarde]. [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]*

En so hoef julle maar voortdurend die band, sowel **met My asook met alle Ligwesens te soek**, dat hulle **julle kan omring om julle te beskerm**. En julle oorgawe aan My verseker julle nou ook die hulp van die wesens wat heeltemal in My Wil binnegegaan het.

En My Wil is om julle by te staan tot aan die einde en hierdie Wil is ook hulle s’n - en dus is julle waarlik nie aan die doen en late van die teenstander oorgelewer nie, veeleer sal julle bewys kan lewer **dat krag en sterkte julle deurstroom,** sodra hy julle nader in die **gedaante van aardse vyande** wat julle en julle geestelike werksaamheid wil verhinder, wie ook julleself sou wou beweeg om af te val, maar hy het nie met die krag van die Gees rekening gehou waarmee julle vervul is nie.

Werk daarom solank julle nog ongehinderd kan werk. Dra die Lig die duisternis binne en sluit julle steeds inniger aan by My en julle sal waarlik kan standhou, ook in die swaarste stryd; julle sal as oorwinnaars uit die geloofstryd tevoorskyn kom, want My Krag sal magtig word in julle. Amein.